*Sedert 22 September 1956: Oral voor Gods aangesig*

**Sondag, 10 Mei 2026**
**5e Sondag ná Pase**
**Moedersdag**

**‘n Dag in die lewe van ‘n ma: Wanneer God nader tree in ontferming...**

*“Toe die Here haar sien, het Hy haar innig jammer gekry en vir haar gesê: ‘Moenie huil nie!” Hy het nader gegaan en aan die draagbaar geraak, en die draers het gaan staan. Toe sê Hy: ‘Jong man, Ek sê vir jou, staan op!’ Die dooie het regop gesit en begin praat. En Jesus het hom aan sy moeder teruggegee.”*
(Lukas 7:13-15)

“’n Dag in die lewe van ’n ma.”

Gewoonlik, as ons dié woorde hoor, dink ons aan besige oggende, kosblikke, wasgoed, skooltasse, laatnag bekommernisse, oproepe, trane, lag en liefde. Ons dink aan die klein goed wat niemand altyd raak sien nie — die dinge wat ma’s elke dag doen. Maar vandag bring Lukas 7 ons by ’n ander soort dag in die lewe van ’n ma. ‘n Dag met geen feestelikheid, geen blomme, soetgoed of ‘n vrolike kaartjie nie. By ‘n ma wat stil-stil die seer van verlies aan hoop, lewe en liefde dra. ’n Dag met trane wat ander nie altyd verstaan nie.

Lukas neem ons na die klein dorpie Nain, na ‘n dag in die lewe van ‘n ma wat haar enigste seun verloor het. Ons word genooi om vir ‘n oomblik by die skare wat agter die begrafnisstoet aanloop in te val, die rou en seer van die weduwee en ma, vir ‘n oomblik vir onsself aan te trek, en te aanskou wat daardie dag by die stadspoort gebeur het: Sonder enige versoek om hulp, sonder enige smeekgebed, sonder ‘n uitgesorteerde geloofslewe – inteendeel met geen verwysing na haar geloof – heeltemal onverwags, uit die bloute, kom daar Iemand aan. Een, wat die seer en verlies van die weduwee en ma, erken, raaksien, diep aangeraak is daardeur, haar innig jammer kry en nader tree.

Iemand wat wys dat God haar liefhet en vir haar omgee.

En ‘n begrafnisdiens wat verander word in ‘n feesdiens, ‘n klaaglied in ‘n loflied!

**Ds. Janke Hurter.**

Hartlik welkom by ons eredienste vanoggend, gelei deur ds. Janke Hurter en ons orrelis, dr. Johan Cromhout in die kerk; prof. Jan-Albert van den Berg en Matildie Wium by die gesinsdiens in die saal; en ds Jaco en Elmien Thom die Nagmaal by Siësta.
Welkom aan besoekers en diegene wat via ons webblad, op *Facebook* of Berg-en-Dal se *You Tube*-kanaal by die erediens inskakel.
Agter in die kerk is daar Bybels en Liedboeke op die tafel – neem gerus een en deel in ons liturgie en lering.

**Liturgie, Sondag 10 Mei 2026**
**(Moedersdag)**

| | |
|---|---|
| **Wydingslied:** | Lied 169 vers 1 en 3 "Heilig, heilig, heilig" |
| **Votum en seëngroet** | |
| **Loflied:** | Lied 188 vers 1, 2 en 3 "Kom, dank nou almal God" |
| **Oproep tot verootmoediging:** | Romeine 12 |
| **Stilte vir selfondersoek, verootmoediging en gebed …** | |
| **Genadeverkondiging:** | Lied 510 vers 1-4 "Genade, onbeskryflik groot" |
| **Epiklese** | |
| **Gebedslied:** | Lied 255 vers 1 "Woord van God, Woord van die lewe" |
| **Skriflesing:** | Lukas 7:11-17 |
| **Gebedslied:** | Lied 255 vers 2 "T'rug tot in die grys verlede…" |
| **Verkondiging** | |
| **Gebed** | |
| **Ons sê dankie…** | |
| **Slotlied:** | Lied 510 vers 1-4 "Genade, onbeskryflik groot" |
| **Seënbede** | |
| **Amen** | |
| **Orrelnaspel…** | |

**Ander Eredienste:**

| | |
|---|---|
| Sondag, 10 Mei | 15:00 – Teol.std. Steve Popane (Sothodiens). |
| | 18:00 – Ds. Jan Lubbe: Pastorale Gesprek (Kerkraadsvergadering). |
| Donderdag, 14 Mei | 18:00 – Ds. Jan Lubbe (Hemelvaartdiens). |
| Sondag, 17 Mei | 09:30 – Ds. Jan Lubbe; gesinsdiens in saal – ds. Janke Hurter. |
| | 15:00 – Teol.std. Steve Popane (Sothodiens). |
| | 18:00 – Ds. Johan Marais: Pinksterreeks begin… |
| | 18:00 – Ds. Janke Hurter: Kinderpinkster begin… |
| Maandag-Donderdag, | 11:00 – Ds. Jan Lubbe: Pinksterreeks by Siësta |
| 18-21 Mei | 18:00 – Ds. Johan Marais: Pinksterreeks in kerkgebou |
| | 18:00 – Ds. Janke Hurter: Kinderpinkster in Jeugkamer |
| Sondag, 24 Mei | 09:30 – Ds. Johan Marais; gesinsdiens in saal – ds. Janke Hurter (Pinksterfees) |
| | 15:00 – Teol.std. Steve Popane (Sothodiens). |

**PINKSTER 2026:** "Uit elke volk, nasie, stam en taal - saamgebind deur sy Gees."
Ons nooi almal graag uit na vanjaar se Pinksterreeks: Soggens vir bejaardes by Siësta en saans 18:00 by die kerk; gesinne, kinders welkom. Daar is weer die Pinkster-uitstalling van uitreikprojekte, en sop en broodjies in die saal.

**MEELEWING EN VOORBIDDING**

Ons hartlike gelukwense aan almal wat vandag en in die komende week verjaar:

| | |
|---|---|
| 10 Mei | Hané du Toit, Duard Erasmus en Xanté Pretorius |
| 11 Mei | Waldo Meyer, Lientjie Nel, Elsie Schempers, Mia Smith en Helena van de Wall |
| 12 Mei | Christo en Henco Meyer, en Louis Heyns |
| 13 Mei | Elmari Botha en Jenny Pickard |
| 14 Mei | Abie Geldenhuys en Louise Lonergan |
| 15 Mei | Lua Haasbroek, Kathy Jansen, Livvy Potgieter, Bert Top en Johanna v Jaarsveld |
| 16 Mei | Lettie Kok |

Hartlik geluk, en ons seënwense aan Johan Büchner en Noelle Pretorius wat verlede Saterdag in Graaff-Reinet getroud is, en aan Irene Marais en Dries Smit wat gistermiddag in Upington deur ds. Johan in hul huwelik bevestig is; geluk ook aan al die ouerpare!

Ons gebede gaan uit na almal wat siek is, in hospitale of tuis aansterk: Lienkie Marais (LadySmithstr. 16, wyk 5); Kathy Jansen (Siësta, wyk 10); Tannie Anna van der Westhuizen (Serenitas133, wyk 15); Jan Davel (Santé 68 wyk 18) en Sheila Prinsloo (Serenitas 160, wyk 15). Ons dink ook aan elkeen wat 'n siek of verswakte familielid moet ondersteun, en bid hul die nabyheid van die Here toe.

Ons meelewing aan Dawie Roos (Morganstr. 46, wyk 6) en hul kinders Ilde, Jana en Lukas, en hul geliefdes en kleinkinders, by die heengaan van Hester. Haar gedenkdiens vind op Sondag, 17 Mei om 11:00 in die Fischer Tuin by Grey College plaas. Ons hou haar in tere herinnering en bid hul as familie troos en sterkte toe, van God gegewe.

Vir Pastorale Sorg:
As leraars en ouderlinge wil ons lidmate graag bystaan en bemoedig in tye van swaarkry of net saam bly wees oor goeie nuus in jou lewe. Kontak gerus ds. Johan Marais (084 517 8052), wat ons pastorale werk koördineer, of maak 'n afspraak met een van ons leraars vir 'n tuisbesoek of 'n gesprek hier by die kerk.

**BYBELSTUDIES, KLEINGROEPE EN GEBEDSAKSIES**
Sondagoggende (08:30) bid 'n groep lidmate vir ons eredienste in Berg-en-Dal en vir die Woordverkondiging wêreldwyd; jy kan tuis óf by die kerk saam kom bid.
Woensdagaand-Bybelstudiegroep (19:00) – in die Konsistorie o.l.v. ds. Jan Lubbe: *"Brief van Jakobus: Geen strooihalm, maar Lewens(wyse)brood."* Indien jy wil inskakel, whatsapp jou naam na 082 784 9362 (ds. Jan).
Woensdagaand 'Lighthouse'-Bybelstudiegroep vir jongmense 19-30 o.l.v. ds. Janke Hurter: *"Die ewige Koninkryk. Vind troos en hoop in Daniël"*. Indien jy wil inskakel, whatsapp jou naam na 078 894 9166 (ds. Janke).
Donderdagoggend-Bybelstudiegroep (09:00) in die Konsistorie o.l.v. ds Johan Marais: *'n Padkaart vir die lewe*. Indien jy wil inskakel, whatsapp na 084 517 8052 (ds. Johan).

## KERKRAADSAKE

**Kerkraadsvergadering: Sondag, 10 Mei 2026**
Ons Kerkraadsvergadering begin vanaand om 18:00 met 'n Pastorale Gesprek tydens die aanddiens, en direk daarná verder in die kerksaal. Sakelyste is elektronies versend.

**Gasvryheidsbeurte & Sorg-en-omgee: April/Mei**
In April was **Wyke 12** (blok noordwes van Tempe en langs N1) en **13** (Verre Weste) aan diens vir Sondae se tee en koffie in die binnehof, en Vrydagaande se ete na Anchor of Hope-Shelter – ons sê dankie aan hulle. **Meimaand** is **Wyke 13**, **14** en **15** se beurt. Indien jy ook wil kom help, kontak asb. die Kerkkantoor (073 180 3193).

**Komitee vir Eiendomme: Veiligheidsheining @ Berg-en-Dal – Maandag, 11/5 om 17:00**
'n Kort vergadering oor 'n veiligheidsheining by ons kerk – kom gesels saam…

## BEDIENINGE

**GEMEENTEBEDIENING**
**Sondagpoeding!**
Vrouediens se Sondagpoedingverkopings begin vanoggend nét ná kerk inskep, spesiaal vir Moedersdag – 'n heerlike, souserige sjokoladepoeding, 450g @ R80 en 1kg @ R170. Kom ondersteun hierdie lekker fondsinsamelingsprojek; kaartfasiliteite beskikbaar.

**Seniorbediening & Berg-en-Dal Wolkring!**
Alle lidmate 65+ (maar ook jonger & belangstellend) word uitgenooi na Woensdag, 13 Mei, se kuieroggend vir ons Seniors, om 09:30 in die Jeugkamer – maar hierdie Woensdag, iets verrassend ánders: Ons vat hande met die Vrouediens se "Wolkring", een van hul brei-projekte vir verswakte bejaardes (Vroetelmoue) en behoeftige kinders (die Poppie-projek). Bring breipenne saam, en wol – kontak vir Germarie Adendorff (079 038 4038) vir inligting. En daar is die gebruiklike eet- en warm drinkgoed; sien graag Woensdag.

**GETUIENISBEDIENING (met Woord en brood)**
**ENGO: Warm Winter Komberse-projek + "Child Protection Walk"**
Maak 'n winter warmer! Skenk komberse en warm klere gedurende Mei vir ENGO se winterinsameling vir behoeftiges in ons stad. Bring jou bydrae na die Pinksterdienste!

**Gemeentemark, 30 April:** Ten spyte van 'n bitter koue, nat oggend, het ons R 3 532,50 ingesamel – baie dankie aan alle helpers en skenkers. Ons volgende mark is 29 Mei.

**EREDIENSKOLLEKTE: 'n LIEFDESGAWE**

SnapScan

Die eredienskollekte op 'n Sondagoggend en -aand, is 'n liefdesgawe uit dankbaarheid vir God se sorg en seën. Ons gee 'n tiende daarvan (10%) ter ondersteuning van die genoemde sinodale werksaamheid of ander instansie/ projek vir daardie betrokke Sondag – vanoggend, 10 Mei: **Vrystaat Vroue-lidmate.** U kan 'n kollekte of dankoffer via die internet (eft) of per SnapScan na Berg-en-Dal oorbetaal – **ABSA Tjekrek. 470-580-011 (Takkode: 632 005).**
**Mei is Spesiale Dankoffermaand**! Met Herfs en Oestyd tussen Pase en Pinkster, sê ons as gemeente ook dankie, vir al God se guns en goedheid. Ons mik na R 620 000, en in die eerste week het R 137 260 ingekom – baie dankie nou al reeds. Laat ons biddend bly.